

Die Heilige Gees, Jesus, en gebed – Hermie van Zyl

Is dit die Heilige Gees wat met ons praat in drome, en vir ons gesigte – en vrede – gee? Mag ek direk met die Heilige Gees praat en vir hom iets vra, byvoorbeeld, om my gedagtes te vernuwe, ensovoorts? Wanneer ek bid, bid ek tot God alleen of kan ek tot / deur Jesus ook bid?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Die vraag handel onder andere oor wie ons moet aanspreek in ons gebede.

Normaalweg sê ons dat ons *tot* God die Vader bid, *deur* Jesus, en *in* (die krag van) die Heilige Gees. Christus is die Middelaar tussen ons en God (Hebreërs 7:25; 9:24), daarom bid ons *deur* Jesus tot God (Johannes 15:16; 16:23). En die Heilige Gees is God se “Vertaler”:
Die Gees weet wat die diepste bedoeling van ons hart is en “vertaal”

dan ons stamelende woorde sodat die Vader sal verstaan, by wyse van spreke.

Dink hier aan 'n teks soos Romeine 8:26-27, waar staan dat ons nie mooi weet

wat om te bid nie, maar dat die Gees ons in ons swakheid bystaan en dat Hy

volgens God se wil vir ons by God intree. Daar is dus 'n innige band tussen die

Persone van die Goddelike Drie-eenheid om ons swakke gebede so te verstaan en

so te verhoor dat dit volgens God se wil én tot ons voordeel en geloofsgroei is.

So verkry ons die "maksimum voordeel" uit ons gebede, ten spyte

daarvan dat ons nie eens altyd mooi weet wat en hoe om te bid nie. (Selfs die

dissipels het "gesukkel" met gebed; daarom vra hulle op 'n keer vir

Jesus: "Here, leer ons bid ...", Lukas 11:1.) Ons hoef ons dus nie

daaroor te bekommer dat ons gebede nie "reg" sal klink vir God nie;

Hy is die Een wat ons gebede reg verstaan en reg beantwoord. Daarvoor sorg Hy

as Vader, as Seun en as Heilige Gees. Wat 'n wonderlike gedagte. Ons hoef nie "diep

gedagtes" uit te dink en dit in mooi woorde te klee nie. Die spreekwoord

sê mos: 'n Goeie begrip het 'n halwe woord nodig. En God het 'n baie goeie

begrip, as ons dit so menslik kan stel. Hy weet wat ons nodig het, nog voordat

ons vra (Matteus 6:7-8). Ons het nie 'n stortvloed van woorde nodig om Hom te

oortuig nie. Ons hoef ook nie vroom te klink of allerlei geleerde woorde te

gebruik nie. Die Heilige Gees het al klaar ons diepste

begeertes en bedoeling opgevang
en dit deur Christus aan die Vaderhart bekendgemaak. Al wat
God eintlik maar
net wil hê, is dat ons Hom in kinderlike vertrou sal nader; Hy
sal verstaan,
meer as wat ons onself verstaan. Inderdaad, “bo verwagting,
bo gebede,
skenk Hy ons sy vrede”, soos ‘n sekere kerklied lui.

Bogenoemde is wat
ons die Goddelike ekonomie kan noem as dit by gebed kom. Al
Drie die Persone
van die Goddelike Drie-eenheid is werksaam wanneer ons bid,
elkeen op sy eie
manier. Maar dit beteken nie dat ons nie ook tot slegs een van
die Persone in
die Goddelike Drie-eenheid kan bid nie. Ons gebede hoef nie
altyd die geykte
patroon te volg van bid *tot* God die
Vader, *deur* die Seun, *in die krag* van die Gees nie. Hoewel die
meeste gebede in die Bybel tot God (die Vader) gerig word, is
daar gevalle waar
die *Seun* ook aanbid word. So lees ons
in Johannes 14:13-14 dat ons tot
Christus in sy Naam kan bid. Dit klink vreemd om tot iemand te
bid in sy eie
naam, maar die bedoeling is waarskynlik hier om die innige
band tussen gelowige
en Christus tot uitdrukking te bring. Wie in die Seun glo,
leef in volle
lewensgemeenskap met Hom en praat daarom vanselfsprekend met
Hom en noem Hom by
die Naam. Verder, wie glo in Christus tree toe tot die
kragveld van die Vader
en die Seun (Johannes 14:10-12), en verkry dan in die Naam van
die Seun toegang

tot die gesprek tussen die Seun en die Vader. Hierdie gedagte kom ook voor in Matteus 18:20, waar staan dat as twee of drie in die Naam van Christus vergader (d w s, met aanroeping van sy Naam), Christus in hulle midde is. En so kom die innige band tussen Seun en Vader ook na vore, want vers 19 sê dat die Vader die gelowiges se versoek sal toestaan; basies dieselfde gedagte as by Johannes 14:13-14. Hierdie innige eenheid tussen gelowige, Vader en Seun maak dat ons gebede ook nie verval in allerlei trivialiteite nie, maar beweeg binne die wil van God. Want dan word dit gebede wat gerig is op die Christelike lewe en die voortsetting van Christus se werk op aarde, waardeur die Vader verheerlik word. Ook Paulus ken die aanroep van Christus se Naam. In 1 Korintiërs 1:2 praat hy van die gelowiges in Korinte wat die Naam van Jesus Christus aanroep. Dit het waarskynlik as agtergrond Psalm 116:4 waar die Naam van die Here aangeroop word. Daar is dit natuurlik die Here God van die Ou Testament (OT) wat aangeroop word, maar in 1 Korintiërs 1:2 word dit toegepas op Jesus Christus. Dus, net soos wat Gód in die OT aangeroop is (in die gebed), so word Jésus die Here nou in die NT aangeroop.

Hierdie gegewens is genoegsame aanduidings vanuit die NT dat ons met vrymoedigheid tot Jesus, die Seun, kan en mag bid.

Hoe staan dit met die *Heilige Gees*? Daar is nie spesifieke tekste in die Bybel wat sê dat mense pertinent tot die Gees gebid het nie. Maar soos bo reeds genoem, is die Gees as die derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid volledig God en net so 'n Persoon as die Vader en die Seun. Hy is nie bloot 'n onpersoonlike krag wat van God uitgaan nie. Daarom word aan Hom ook eienskappe toegeskryf wat tipies net by 'n Persoon hoort. So word Hy in die NT die Trooster of Voorspraak genoem wat oor die Seun getuig (Johannes 15:26); daar word verder gesê dat Hy alle dinge deursoek (1 Korintiërs 2:10), dat Hy besluite neem (Handelinge 15:28), dat Hy hoor en verkondig (Johannes 16:13), onderrig en herinner (Johannes 14:26), bid (vir ons intree, Romeine 8:27), en selfs dat ons Hom kan bedroef (Efesiërs 4:30). Dit is dus volkome geregverdig om tot die Gees te bid en Hom te vra om jou lewe voortdurend te vernuwe ooreenkomstig God se wil. Een van die oudste belydenisse in die kerk, die belydenis van Nicea (325 nC), sê dan ook dat die Gees van die Vader en die Seun uitgaan en saam met die Vader en Seun aanbid en verheerlik moet word. 'n Baie ou gebed en kerklied uit die 9e eeu lui byvoorbeeld: *Veni, Creator Spiritus* ("Kom, o Skepper Gees"); hierdie gebed/lied roep die Gees aan as die Een wat nuwe lewe aan die kerk sal gee. Geen wonder nie dat baie kerkliedere vandag ook direk tot die Gees gerig word. Ek haal maar een van

talle aan:

Gees van God wat in my woon,

breek die Woord vir my.

Gees van God wat in my woon,

kom en heilig my.

Troos my, sterk my, leer my, lei my.

Gees van God, kom heilig my,

breek die Woord vir my.

Wat die Heilige Gees en drome en gesigte betref – dis 'n onderwerp op sy eie. Ek het reeds by 'n vorige geleentheid volledig hieroor geskryf. Dit kan gevind word op ons webblad – bybelkennis.co.za. By “Soek Fasiliteit”, sleutel in: “Drome – Hermie van Zyl”, en die betrokke artikel sal dan verskyn. As daar dan nog vrae is, sal ek graag verder probeer antwoord.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

SAGTE GEBEDE – Francois Malan

Anna vra:

Waar in die Woord staan geskrywe dat God die aarde gaan oprol soos n stuk lap?

Nog iets asb. Is dit waar dat wanneer jy satan in jou gedagtes bestraf hy jou nie kan hoor nie? Ook as jy saggies bid, kan hy inbreuk maak op jou gebed, want hy kan jou nie hoor bid nie. Dankie.

Antwoord:

Prof Francois Malan antwoord:

In Jesaja 34:4 voorspel die profeet dat die Here in sy toorn oor al die nasies die hemel soos 'n boekrol sal toerol. Die hele skepping word geraak deur die sonde van die nasies en die noodsaaklike reaksie van God op die nasies se verwerping van die Here met die eindoordeel. In Openbaring 6:14 word dit aangehaal as die aanbreek van die dag van die Here se oordeel wat die einde van die huidige hemel en

aarde sal wees

om plek te maak vir die nuwe hemel en die nuwe aarde van Openbaring 21.

Jesus het belowe dat die Heilige Gees

vir ewig by ons en in ons sal wees (Joh 14:15-17). As jy vir Jesus liefhet en

sy opdragte uitvoer sal sy Vader jou liefhê en Hy en die Vader sal na jou toe

kom en by jou woon (Joh 14:23). As die Vader en die Seun en die Heilige Gees in

jou woon kan Satan jou nie raak nie, maar as jy jou rug op God draai en jou eie

kop volg, vir jouself liewer het as vir God, gee jy aan die Satan vatkans en sal

jy hom nie kan bestraf nie. Hy word slegs deur God, die Skepper van die hemel

en die aarde oorwin. Kyk hoe goed God jou ken deur Ps 139 te lees.

Ons kan nie die duiwel bestraf nie,

dit kan die Here alleen doen, en ons kan Hom vra om ons van die duiwel te

verlos (vgl. Mattheus 17:18). Maar Jakobus 4:7 sê: 'Weerstaan die duiwel, dan

sal hy van julle af wegvlug.' Dit kan ons doen omdat die Heilige Gees van God

in ons woon om ons die krag te gee om die versoekings te weerstaan wat uit ons

begeertes ons wil oorweldig (vgl. Jakobus 4:5-6, 8-10).

Selfs as ons saggies bid is dit juis ons eie begeertes wat inbreuk maak op ons gebed. Jakobus 1:14 sê: Elkeen word versoek wanneer hy deur sy eie begeerte meegevoer en verlei

word.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Gebed bly onbeantwoord – Hermie van Zyl

Annatjie vra

Ek weet nie regtig hoe om die vraag te stel nie. Hoekom laat God so baie ongelukkige en hartseer dinge in 'n mens se lewe toe? Ek is 13 jaar terug geskei en het 3 pragtige dogters wat sonder 'n pa groot geword het. Hy wou en was net nie deel van hul lewe nie, en as hy hul kom besoek het, was hy besope. So het hul maar hul stiefoupa as 'n pa-figuur aanvaar. Hy het dit weer uitgebuit en die oudste en jongste verkrag.

Behalwe dit verloor ek ook my werk. Ek begin my eie besigheid ek sê elke dag vir God dankie vir die inkomste. Na 'n jaar en 'n half moet ek trek; nie dat ek die finansies gehad het daarvoor nie. Ek begin toe weer van vooraf met 'n besigheid. Om alles te kroon is my middelste meisiekind so ongeskik. Als wat ek doen, is verkeerd; ek mag ook met niemand praat nie. Hoe kan God al die goed toelaat om met my te gebeur?

Ek moet sê ek sien vandag dinge anders as wat ek dit aanvanklik gesien het. Ek is nader aan God want ek is meer op my knieë as wat ek loop, om net vir krag te vra om aan te gaan.

As God 'n God van liefde is, hoekom laat Hy toe dat al die

lelike goed met 'n mens gebeur?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

'n Mens se hart gaan uit na ons vraagsteller wat met soveel onverstaanbare en onverklaarbare lyding in haar lewe te kampe het, veral vanuit 'n gelowige perspektief. Want haar vrae is nie gebore uit opstandigheid nie, maar is eerlike vrae: As God liefde is en net die goeie vir ons wil, waarom is daar dan soveel ellende in my lewe? Wat in en met my lewe gebeur, rym eenvoudig nie met my verstaan van God as 'n God van liefde nie.

Ek kan die vraagsteller verseker dat sy nie die enigste gelowige met hierdie kwelvrae is nie. Trouens, dis vrae wat gelowiges reg deur die eeue gevra het en nog steeds doen. Dink maar aan die digter van Ps 73 wat worstel met die vraag hoekom dit klaarblyklik met die goddeloses so goed gaan, maar hy wat getrou aan God bly, kry swaar. Hy stel dit so: "Dat ek die kwaad vermy het ... het dus niks gehelp nie, want elke nuwe dag het vir my teenslae gebring en elke nuwe môre straf (Ps 73:13-14)." Hy voel dat dit hom niks in die sak bring om God te bly dien nie, want die goddelose is eintlik beter daaraan toe as hy. Waarom dus volhard met die goeie? God gee blykbaar nie om vir sy kinders nie. Of, Hy gee miskien om, maar is magteloos om iets aan hulle slegte situasie te verander.

Hoe beantwoord mens hierdie moeilike vrae waarop – laat my dadelik sê – daar geen maklike antwoorde is nie, nog nooit was nie en ook nooit sal wees nie. Daarmee moet mens vrede maak. Maar dit beteken nie dat daar geen antwoorde is nie, dat die gelowige geen troos het nie. Die digter van Ps 73 het byvoorbeeld vertroosting gevind in die feit dat die goddelose se pad net oënskynlik voorspoedig is; op die ou einde gaan hy onder en sy uiteinde is verskriklik (v18-20). Verder het hy

ook vreugde gevind in die verhouding met God; hy is verseker van God se nabyheid, dat dit 'n verhouding is wat vir altyd standhou; en hy vind sy plesier daarin om binne God se wil te lewe (v21-28).

En dit is steeds nog maar ten diepste die enigste antwoord wat daar werklik is. Maar kom ons kyk hoe dié saak – die gelowige se worsteling met slegte goed wat met hom/haar gebeur – vanuit 'n breër Skrifperspektief belig kan word. Dalk help dit ons vraagsteller om ook 'n breër perspektief op haar eie situasie te ontwikkel.

Die dilemma dat God skynbaar nie ingryp in ons lewens om dit beter te maak nie, is, soos reeds genoem, nie 'n onlangse probleem nie. Dis so oud soos die mens se verhouding met God. Die bladsye van die Bybel is vol hiervan. Dink maar aan die klassieke verhaal van Job. Sy lewe beweeg van ryklik geseënd, tot alles verloor, tot weer ryklik geseënd. Was dit werklik nodig dat sy geloof op so 'n verskriklike manier getoets word, in so 'n mate dat selfs sy vrou vir hom die raad gee om God te vloek en te sterwe (Job 2:9)? Het God een of ander behae geskep in Job se lyding? Kon Hy Job nie op 'n ander manier sterker aan die ander kant laat uitkom het nie? Want dis nie asof Job 'n ongelowige was nie – inteendeel. En Paulus, die groot apostel van die Here Jesus, se geloofspad was ook glad nie met rose besaai nie. In 1 Kor 4:10-13 en 2 Kor 11:16-31 vertel hy van al die verskriklike ontberings wat hy ondergaan het in diens van die Here. En dis nie asof hy 'n masochistiese genot geput het uit hierdie lyding nie. Nee, hy sou wat wou gee om daarvan ontslae te wees; hy praat daarvan as 'n doring in die vlees wat hom teister (2 Kor 12:7-10). Daarom dat hy die Here drie maal (beteken eintlik “herhaaldelik”) gevra het om dit weg te neem, maar die Here het gesê dat sy genade vir hom genoeg is. Geen wonder nie dat Paulus in Gal 6:17 sê dat niemand hom moeite moet aandoen nie aangesien hy in sy liggaam die littekens van Christus dra. Hiermee wil hy sê: ek ken die weg van Christus; dis geen maklike pad nie, ek dra die bewyse

daarvan aan my lyf.

Met bogenoemde oorsig oor Bybelse gelowiges se lyding wil ek nie mense soos ons vraagsteller se persoonlike worsteling met God probeer afmaak as onbelangrik nie, as iets waarmee ons maar almal worstel nie. Ek wil maar net die punt vanuit die Skrif maak dat geloof in God geen vrywaring is teen die aanslae van die lewe nie. Gelowiges is net so blootgestel aan die gevare en teisterings van die lewe as hulle wat nie in God glo nie. Ons is immers almal mense met dieselfde emosies, behoeftes, vrese en ideale. Ons verlang almal na geluk en 'n rustige lewe.

Maar wat is dan die verskil tussen die gelowige en ongelowige? Dit lê daarin dat gelowiges die teenlae van die lewe doelbewus, op 'n manier wat alle verstand te bowe gaan, in verband bring met hulle lewe saam met God. Hulle vind troos in die wete dat hulle naby God lewe (Ps 73:21-28), dat niks en niemand hulle van die liefde van God in Christus kan skei nie (Rom 8:35-39), dat God se genade vir hulle genoeg is en dat sy krag losgelaat word juis wanneer hulle swak is (2 Kor 12:9), en dat op een of ander manier alles tog ten goede meewerk vir dié wat vir God liefhet (Rom 8:28). Hulle lewensvreugde is dus nie primêr afhanklik van omstandighede nie, maar is diep gesetel in hulle verhouding met God. Al bot die vyeboom nie, al misluk die druiweoes, al word die vee minder, nogtans juig hulle in God, hulle Redder (Hab 3:17-18).

Die rede hoekom dit moontlik is, is omdat die gelowige weet dat sy of haar lewe *vir ewig* geborge is in God, nie net vir hierdie lewe nie. Daarom dat Paulus vanuit die opstanding van Christus redeneer as hy sê dat as mens net vir hierdie lewe op Christus hoop, ons die bejammerenswaardigste van alle mense is (1 Kor 15:19). God het in Christus 'n nuwe lewe begin wat tot in alle ewigheid duur. Ons beleef op aarde nog maar net die begin hiervan; deur die Heilige Gees proe-proe ons nog net daaraan. Ons hoop lê in Christus wat die bese en die dood oorwin het. In die mate wat ons aan Christus verbind is deur

die geloof (geloof as lewenswyse van vertroue in Christus), in daardie mate word ons getroos met die wete dat ons deel het aan die ewige lewe en dat God eendag die trane van ons oë sal afvee, eendag wanneer lyding, hartseer en dood, wat so deel is van hierdie wêreld, geen houvas meer op ons sal hê nie (Op 21:4). Hoe onwerklik God se nuwe wêreld ook al klink wanneer ons daaglik moet worstel met die onbeantwoorde vrae van die lewe, was hierdie wete en vaste geloof nog altyd die troos en krag van die gelowige. Vreemd, onlogies, maar waar.

Verder, omdat ons vanuit hierdie ewigheidsperspektief lewe, kan ons ook in geloof na die wêreld rondom ons kyk en nou reeds daarvan 'n beter plek probeer maak. Ons weet immers dat elke daad wat in liefde gedoen word, tot in ewigheid standhou (1 Kor 13:8), dat ons so belê in die hemelse skatte wat nie deur mot en roes verniel kan word nie (Matt 6:19-21). Ja, geloof vrywaar ons nie van aardse ellendes nie, maar dit open 'n hemelse perspektief (Heb 11:1) van waaruit ons elke dag se uitdagings aanpak. En presies dit gee moed, krag en vreugde in die lewe.

Verder, ons put ook krag en vreugde uit die geloofsverhale van ander. Die Bybel is vol hiervan, maar ons word ook daaglik omring deur mense wat dieselfde stryd as ons stry. So word ons verryk en versterk, en dra ons mekaar se laste (Gal 6:2). Ons moet ons dus nie onttrek van die geloofsgemeenskap nie. Die Hebreërbrief vertel byvoorbeeld van so 'n groepie gelowiges wat klaarblyklik weens die talle aanslae van die wêreld geloofsmoeg geword het, tot op die punt dat hulle afvallig wou raak. Maar dan bemoedig die skrywer hulle met allerlei aansporings om te volhard. Hy spoor hulle aan om die gemeenskap met ander gelowiges te beoefen (Heb 10:25), hy herinner hulle aan die geloofshelde uit die Ou Testament wat God se onsigbare (maar werklike) wêreld in die oog gehou het (die hele Heb 11, veral vv13-16). Hulle word herinner daaraan dat hulle op aarde pelgrims is sonder 'n vaste woonplek en so Christus se smaad moet dra (13:13-14). Hulle word dus

aangemoedig deur die medegelowiges wat klaar die aardse stryd voltooi het, terwyl hulle die oog gevestig hou op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof (12:1-3).

Ek is maar te bewus daarvan dat al bogenoemde, hoe waar ook al, deur elke gelowige in sy of haar persoonlike omstandighede geïnternaliseer moet word. Niemand anders kan dit vir jou doen nie. Party vind dit “makliker” as ander; sommige se omstandighede is net soveel moeiliker as ander s’n. Maar elkeen kan daaraan vashou dat God ons nie alleen laat nie, al voel dit so. Selfs Christus het geworstel met Godverlatenheid (“My God, my God, waarom het U My verlaat?”, Matt 27:46), sodat ons nooit weer van God verlate sou voel nie.

My hartewens is dat ons vraagsteller op die een of ander manier krag sal ontvang vir haar persoonlike geloofspad op aarde.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)

Herhaalde oproepe tot gebed – Hermie van Zyl

Danie vra:

Elke keer as ons opgeroep word om te gaan saamtrek oor iets wat ons raak, of daar is een of ander krisis en ons word opgeroep om te gaan bid of om massa-saamtrekke en protesoptredes te hou om die Here se ingryping te vra, dan is ek in die war.

Laat ek dit net duidelik stel, ek het niks teen gebed nie solank gebed gaan oor God se almag, grootheid en dat alle eer

Hom toekom.

My vraag is, as ons opgeroep word om saam te trek en dan te bid oor o.a. plaasmoorde, wat wil ons hê moet God doen? Verder, wat doen óns? Dan, as ons nou so saambid, wat is die "bidders" se verhouding met God? *Aren't we just going through the motions?*, soos daar op Engels gesê word. Met ander woorde, is ons nie bloot meelopers, massabidders wie se lewe nie noodwendig getuig van 'n hartsoorgawe aan Jesus nie. Is dit nie so dat ons eerder 24/7 in 'n lewende verhouding met God moet staan nie?

Antwoord

Prof Hermie van Zyl antwoord:

Ek het nogal simpatie met die vraag. Want geloof kan maklik ontaard in 'n soort krisisgeloof. Ons gaan voort met ons daaglikse dingetjies sonder om ons werklik aan God te steur. Maar laat daar net een of ander krisis ontstaan in ons persoonlike lewe of in die groter samelewing, dan wil ons skielik hê God moet soos die nooddienste gereed staan om in te gryp en te red. So asof Hy nie in elk geval elke dag sorg en weet wat ons nodig het, nog voordat ons Hom vra nie. Hy het immers nie 'n stortvloed woorde nodig om oortuig te word van ons nood en behoeftes nie (Matt 6:8). En verder het ons ook die opdrag om gedurig – 24/7 – te bid (1 Tess 5:17; vgl Luk 18:1; 21:36; Rom 12:12). Dit beteken ons lewe moet in die teken staan van voortdurende en volgehoue afhanklikheid en erkenning van God. Want so gee die gelowige blyke daarvan dat hy/sy deur Christus in 'n lewende verhouding met God staan. En van so iemand kan gesê word: Hy/sy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie (Ps 1:3). Daar is 'n konstante stroom van God se lewe wat hom/haar voed.

Dit beteken egter nie dat daar nie buitengewone geleenthede

mag kom waar gelowiges op 'n spesiale manier voorbidding by die Here doen nie. Daar is talle voorbeelde hiervan in die Bybel. Mens dink hier aan koning Hiskia wat ten dode toe siek word en by die profeet Jesaja hoor dat hy gaan sterf. Hiskia pleit toe by die Here om gespaar te word, en die Here voeg nog 15 jaar tot sy lewe toe (2 Kon 20:1-11). Daar is ook die geval van die profeet Jona wat die opdrag kry om aan die stad Nineve te gaan verkondig dat die Here hulle stad gaan vernietig oor hulle goddeloosheid (Jona 1:1; 3:4.) Dan het die Nineviete berou oor hulle sonde en hulle roep ernstig tot God, waarop God sy besluit om die stad te verwoes omkeer en die stad en sy mense spaar (Jona 3:1-10). Ons lees ook van Hanna wat kinderloos was en ernstig in die heiligdom haar lot by God gaan bekla. Hierna word sy swanger en Samuel word gebore (1 Sam 1). Paulus het ook herhaaldelik sy hart by die Here uitgestort oor die doring in die vlees wat hom gepla het. Maar die Here het nie gegee wat Paulus gevra het nie; Hy het bloot gesê sy genade is genoeg vir Paulus (2 Kor 12:7-9). Selfs Jesus het sy Vader gesmeek dat die lydensbeker by Hom sou verbygaan, maar Hy ontvang troos en versterking uit die wil van sy Vader wat toe anders was as sy (Jesus se) versoek (Matt 26:36-46).

Behalwe wat die Nineviete betref, is die gemeenskaplike element in genoemde gevalle dat dit mense was wat 'n lewende verhouding met God gehad het en seer sekerlik ook 'n normale gebedslewe beoefen het. Nogtans het hulle in 'n besondere noodsituasie dit nodig gevind om op 'n spesiale manier hulle versoeke aan die Here in gebed bekend te maak. Die normale sluit dus nie die buitengewone uit nie. Mense, ook gelowiges, is kragtens hulle menswees en die aard van die lewe dikwels in 'n eksistensiële noodsituasie wat die behoefte aan 'n "spesiale gebedspoging" laat ontstaan. En of dit individueel of in groepsverband geskied, maak nie regtig saak nie; vanuit 'n geloofsoogpunt is beide struktureel presies dieselfde. En die merkwaardige is dat God ons nie hiervoor kwalik neem nie. Al is ons sy kinders, en al bid ons gereeld, en al weet Hy in

elk geval wat ons nodig het, weet Hy dat ons broos en sondig is, en soms, in spesiale gevalle, sy hulp in die besonder nodig het, of verseker wil word van sy nabyheid en sorg. Selfs die Nineviete het genade by God gevind toe hulle Hom in opregte berou genader het. God is nie 'n God wat verwyd is. Hy het geen behae in die dood van die goddelose nie, alleen maar dat hulle hulle sal bekeer en lewe (Eseg 18:23; 33:11). En as dit waar is van die nie-gelowige, hoeveel te meer van sy kinders?

My aanvoeling is dus dat ons nie te hard moet oordeel oor die versoeke tot spesiale saamtrekke of gebedsgeleenthede wat van tyd tot tyd voorkom nie. Maar daarmee saam dink ek ook dat dit op 'n verantwoordelike manier hanteer moet word. In hierdie verband die volgende opmerkings:

- Dit moet baie duidelik deur die organiseerders gestel word dat dit nie 'n manier is om God se "arm te draai" nie. Ons moenie die indruk wek dat omdat die nood hoog is, omdat daar baie mense optrek, en omdat ernstig gebid word, daarom is God as 't ware verplig om te gee wat ons vra nie. God word nie beïndruk deur getalle en menslike bymotiewe nie. Wat meer is, gebedsverhoring en die toestaan van versoeke deur God is nie noodwendig dieselfde nie. Indien dit wel dieselfde was, sou ons moes sê dat Jesus en Paulus se gebede (hierbo genoem) nie verhoor is nie. En dit is tog nie waar nie. Verootmoediging voor God en gebed – veral as dit by wyse van groot saamtrekke geskied – is nie 'n spesiale tegniek om God onder 'n verpligting te stel om te voldoen aan ons versoeke nie. God bly nog God, en ons bly mense. Ons verstaan nie altyd waarheen God met ons op pad is nie. Daarom is die uitkoms van sulke saamtrekke dikwels anders as wat ons verwagtinge was. Maar wat ook al die uitkoms, as mense in opregtheid en met die regte gesindheid daar is, is die gevoel altyd agterna dat hulle baie seën uit sulke byeenkomste geput

het, dat hulle met nuwe toewyding hulle lewe as Christene kan voortsit. En dít is waarskynlik die grootste waarde van sulke “spesiale” geleenthede.

- Oproepe tot gebedsaamtrekke moet spaarsamig gedoen word. Die indruk moet nie gevestig word dat die buitengewone die normale Christelike lewe vervang nie. Die normale is inderdaad dat ons elke dag onself aan God sal toewy, met die hartlike begeerte om volgens sy wil te lewe. Indien laasgenoemde geskied, is die behoefte aan buitengewone saamtrekke ook minder. Indien sulke spesiale saamtrekke die norm word, word inderdaad megedoen aan ‘n soort krisisgeloof waarvan aan die begin melding gemaak is. Die normale geloofslewe – ook wanneer krisis ontstaan – is nie ‘n soort godsdienstige wipwarit nie: Dán is ons bo, dán is ons onder; dán weet ons waar ons met God staan, dán is ons in totale wanhoop en benodig ons weer ‘n godsdienstige inspuiting om geestelik te kan voortgaan. So ‘n lewe is nie ‘n baie gesonde geloofslewe nie, dis eerder tekenend van ‘n onvolwasse en selfs bygelowige soort geestelike lewe. ‘n Volwasse geloofslewe is eerder een waar die verhouding met God oor ‘n lang tyd gebou en ingeoefen word en ons allengs opgroei na die beeld van Christus, en waar die krisis van die lewe vanuit hierdie situasie geloofsmatig hanteer word (vgl Heb 5:11-14; Ef 4:13-14).
- Maar om tog op ‘n meer positiewe noot ten aansien van gebedsaamtrekke af te sluit, moet mens sê dat afgesien van die potensieel positiewe waarde wat dit vir gelowiges mag inhou, die getuieniskarakter van buitengewone saamtrekke nie uit die oog verloor mag word nie. Dit stuur naamlik ‘n sterk sein uit na ongelowiges dat daar mense in die wêreld is wat die probleme van die lewe pertinent met God se bestuur in verband bring. Die lewe het nie maar net ‘n menslike kant nie; dis nie net mense wat iets aan ‘n situasie kan doen nie. Die lewe het ook ‘n diep geestelike, Goddelike kant. In en deur

al ons menslike aktiwiteite is God aan die werk. En soms is daar probleme en krisisse wat net so groot is dat ons besef dis net onvoorwaardelike oorgawe aan God wat 'n verskil kan maak. Almal – gelowig én ongelowig – word gevolglik opgeroep om hierdie oorgawe te maak, by herhaling of vir die eerste keer. Veral in die hoogs gesekulariseerde wêreld waarin ons toenemend leef, kan sulke hoë profiel openbare byeenkomste die saak van God se koninkryk op aarde positief dien en bevorder. En dan is so 'n saamtrek bloot vanuit hierdie perspektief al klaar die moeite werd. Verder, soms moet Christene ook plaasvervangend optree, namens hulle wat God nie ken of wil ken nie, namens hulle wat nie erken dat die lewe oor meer gaan as menslike vernuf, kennis en planne nie. Christene bid so juis vir en namens hulle wat nie wil bid nie. 'n Moderne Spaanse geloofsbelydenis sluit daarom so af: “En omdat ons glo, verbind ons ons: om te glo vir hulle wat nie glo nie, om lief te hê vir hulle wat nie liefhet nie, om te droom vir hulle wat nie droom nie, tot op die dag wanneer hoop 'n werklikheid word. Amen.” Dalk dra sulke spesiale geleenthede, wanneer reg benut, juis hierdie boodskap plaasvervangend as getuienis vir die wêreld uit.

Skrywer: [Prof Hermie van Zyl](#)